

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-13

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:9 (AFR83)

Die Woord van God kan nie geboei word nie

Die wêreld dink 'n sterk persoon is iemand wat nie hulp nodig het nie en wat alles self kan doen. Paulus verduidelik dat dit in die koninkryk van God anders werk. Almal wat daarin dien, staan sterk slegs deur genade, en werk saam met ander betroubare en bekwame mense (2:1-2). Om as gelowiges op hierdie manier sterk te staan, is om drie redes belangrik:

- 1) Want dit is die **ROEPING VAN DIE WOORD** dat die evangelie alle uitverkorenes moet bereik, sodat ook hulle die verlossing en ewige heerlijkheid wat daar in Christus is, kan ontvang (2:10). Hiervoor is nodig die fokus van 'n soldaat (2:4), die dissipline van 'n atleet (2:5) en die roetine van 'n hardwerkende boer (2:6).
- 2) Want die **VERDRUKKING VAN DIE WOORD** bring mee dat daar vir elke gelowige 'n stuk ontbering is wat hy of sy ter wille van die evangelie moet dra (2:3). In Paulus se geval is dit sy gevangenskap en naderende marteldood (4:6).
- 3) Want die **OORWINNING VAN DIE WOORD** is die hoopvolle en sekere uitsig wat alle gelowiges mag hê. Die Woord van God kan nie geboei word nie. Dit gaan van God uit, en sal nie ledig na Hom terugkeer nie (Jes. 55:11). Op hierdie oorwinningspad het die Woord ook ons immers bereik.

Dit is die krag van Christus se opstanding wat gelowiges sterk laat staan in hulle roeping, verdrukking en hoop. Deur hierdie genade leef en regeer ons saam met Hom (2:11-12a). Sy genade is so groot dat Hy aan ons getrou bly, selfs al is ons soms ontrou (2:13). Ons moet Hom net nie verloën nie (2:12b).

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2
Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*